

Sondag 6 September 2020

Skriflesing: Psalm 125

Tema: “Om ‘n berg te klim...”

Ons wat in die Kaap bly is omring en het in die sig heelwat berge en ook bergreeks of twee. Ek kom uit ‘n plat wêreld met wye vlaktes en toe ek Stellenbosch gekom het en daarna as predikant in Wellington het ek heelwat van die Bolandse berge, veral saam met jongmense platgelopen. Baie van ons dra herinneringe saam en ervaring wat ons moontlik gehad het. **Daar is iets aan berge.** Die **uitsig** wat dit bied, die **natuurskoon, perspektief, stilte, uitdaging, onbekendheid, onheil** wat dit gee en ook stuk misterie wat dit saamdra. Dink net an berpasse (ek het op stadium so App met passe op my telefoon gehad, bergroetes om te stap of fiets te ry)

Ek staan hier aan die voet van Bainskloof se pas. Pas wat deur Thomas Bain (1853) gebou is en in my jare as predikant op Wellington was ek ‘n ywerige hardloper. Op verskeie Saterdagdae het ons as hardloper maats hierdie pas uitgehardloop, saam met jongmense in bosplantasie gaan stap en bo in hoë bergghut hoog op in die klowe aand die stree gekyk – af op die dorp. As ons deesdae hierlangs ry dink ek met groot nostalgie terug aan besondere ervarings. Oor berge en spesifiek die Hawekwa berge

Die Bybel is vol verhale van berge. Ons gaan in die volgende maand daarby uitkom hoe berge ‘n besondere, ja ook simbliese, rol in die geloofsgeheue van Israel en ook hedendaagse gelowiges speel. Ek noem sommer net ‘n paar

1. **Ararat** waar Noag met die ark gestrand het (Gen 8)
2. **Moria** (Gen 22) waar Abraham beveel word om sy seun Isak te offer
3. **Sinai** (Ex 19) Waar die volk die Tien Gebooie ontvang
4. **Karmel** (1 Kon 18) Elia bid tot die ware God teen die vals profete
5. **Olyfberg** (Matt 5) Jesus in worsteling voor sy kruisiging
6. **Golgota** (Matt 27) Kruisiging

Hierdie gebeure teken verhale van Godsontmoetings. Sogenaamde “Dun plekke”

In die Ierse Keltiese tradisie word plekke van Godsontmoetings “thin places”/“dun plekke” genoem.

Thin places’ – plekke waar ons God se nabyheid ervaar

Die Kelte het geglo dat jy na sekere plekke kon gaan om nader aan God te wees. Hierdie plekke het hulle “dun plekke” (thin places) genoem. In ons geloofstradisie en Bybel is berge sulke plekke. Sulke **dun plekke** waar kan ons amper sê die grens tussen hemel en aarde, tussen dit wat God is en die gewone (sekulêre) amper poreus is, in mekaar in vloei. Dat God op ‘n manier die hemelse, die Goddelike, op die aarde laat deurbreek. Berge laat ons anders kyk en sien, anders beleef en ervaar.

Gavin neem af van hier

Ek wil gaan leen by Paulo Coelho, een van my gunsteling skrywers. Hy het in ‘n essay die vraag “How to climb a mountain?” gevra. Ek doen dit teen die agtergrond van ons eie geloofstradisies.

1. KLIM DIE BERG(E) WAT JY KIES (OF – SOMS NET VIR JOU GEGEE WORD)

Moenie jou laat beïnvloed deur wat ander mense sê nie. Daardie een is beter of mooier. Hoeveel mense is in beroepe, loopbane of het keuses gemaak wat onder die druk van ander gedoen is. Leef jou eie lewe na die beste van jou vermoë. Ek wil sê met al die potensiaal, maar ook met al die risiko’s wat daaraan verbonde is. Want God is in die vreugdes én die teenspoed.

Ons moet onthou: Berge het hul klowe, paadjies, mooi uitsig, stiltes, nostalgie, vrede, maar ook sy DALE, soos die ou lied waarmee ons begin het so mooi verklaar. “Op berge en in dale en ORAL is my God” Die berge wat ons klim, het ‘n verskeidenheid momente en oomblikke. Maar God is nie net in die pragtige uitsig en pieke wat ons bereik nie. Hy is ook in die DALE. Ook in die swaar en die seer. Ook in die digte ondeurdringbare bosse, hoë gevaarlike kranse en gladde, mosagtige klippe ...

In die *Rapport* van die afgelope Sondag het Hanlie Retief met **Madelein Bauer en Wilmien Davin** gepraat, die twee ma's wie se gesinne in die brand in die Kalahari oorlede is. Wilmien Davin sê onder meer in die onderhoud (en ek wil haar nie uit konteks aanhaal nie): "Ek is nie vir die Here kwaad nie, want almal van ons het Hom geken. Hy was teenwoordig in die Kalahari-duine." En later: "lewers gaan hierdie ding agter jou lê. DEUR die dal van doodskaduwee. DEUR, nie OM nie, nie daar vashaak nie"

Ps 125 begin daarmee: "Die wat op die Here vertrou, is soos Sionsberg, wat nie wankel nie en altyd vas sal bly staan". Hierdie drie families het daardie Kalahari-duin moes klim ...

2. VIND UIT EN BEPLAN WATTER ROETE JY MOET LOOP

As ons na berge in die verte kyk dan lyk dit asemrowend, beeldskoon, interessant en vol uitdagings. Maar wat gebeur as jy begin klim? Jy word dikwels vasgevang op onbekende paaie, afgronde, paaie wat doodloop, ondeurdringbare bosse wat lê tussen jou en die kruin van die berg. Wat aanvanklik duidelik op die kaart of GPS was, is nou 'n komplekse realiteit: Hoe gebeur dit nie met ons lewens nie: Loopbane wat verkeerd of anders uitdraai, huwelike en verhoudings wat vasgeloop raak, doodlooppaadjes met kinders, komplekse omstandighede waarin jy beland.

Soms gooi die lewe jou ook voor 'n situasie of berg of jy word in omstandighede geplaas waarin jy jou nooit kon indink nie. Dan is dit die berg wat jy moet klim. Die kaarte of hand wat vir jou gedeel word.

Miskien op persoonlike noot:

- In my studentejare het ek baie getwyfel of teologie en predikantwees regtig dit is wat ek moet doen. Is dit wat die Here wil het ek met my lewe moet maak, het ek baie myself afgevra. Iemand het in my derde jaar die aanhaling van
- Epictetus vir my gegee: "Ons kies nie ons eie rol in die lewe en het met die rolverdeling niks te doen nie. Ons taak is om die rol wat aan ons toegesê is, goed te speel."
- Ek en jy HET 'n taak en rol gekry. Elkeen van ons moet dit self uitmaak ... Ek weet nie in watter stadium van jou lewe jy is nie. Moontlik is jou werk nou aaklig en jy wil graag daaruit kom. Maar dit is nou JOU berg, jou pad om uit te kap, jou rol ...

3. LEER VAN HULLE WAT REEDS DIE PAD GELOOP HET. BEHOU 'N LEERBARE GEES

Hoe uniek jy ookal mag dink jy is – daar is altyd iemand wat dieselfde droom as jy gehad het. Mense by wie jy kan leer wat in dieselfde situasie was. Wat padtekens agtergelaat het om die berg wat jou klim minder onbekend te maak: Die beste plek om tou vas te maak, versteekte paaie, makliker roetes. Dit is JY wat die pad loop, maar onthou – ander mense se ondervinding, se raad, hulp is altyd waardevol.

- Hebreërs praat van sulke mense. Hoofstuk 12 "skare van geloofsgetuies" By wie ons kan leer. In wie se voetspore ons kan loop, op wie se skouers jy kan klim, wie se voorbeeld ons kan volg EN ja, uit wie se foute ons kan leer. Hoofstuk 11 stapel die name op: Elke keer begin dit met "**Omdat hy (of sy) geglo het**" – Abraham, Isak, Jakob, omdat Josef geglo het, omdat Moses geglo het, ja selfs iemand soos Ragab, die prostituut word genoem in die ry van die geloofshelde.
- Die Here het mense op jou pad geplaas. Ouers, dosente, vriende, kollegas, bure, jou huweliksmaat, gelowiges in jou geloofsgemeenskap.

Alfred Tennyson het gesê: "I am a part of everybody I met." "Ek is 'n stukkie van elkeen wat ek ontmoet." Laat toe dat ander aan jou "afsmeer". Skuur skouers met hulle wat inbou in jou lewe, wat jou nie aftrek nie ...

4. ONTHOU: VAN NADERBY IS DIE GEVARE BEHEERBAAR

Enige pad of reis het sy terugslae en teenspoed. Die "onheil" of terugslae wat jou tref! Amanda Strydom sing treffend in haar lied "Pelgrimslied" van "ons grootpraat en klein verdriet, ons vashou aan alles wat verskiet. Ons waan en die "drake waarteen ons bly veg"

- Ons het almal ons drake. Wat ons laat rondrol, laat wakker skrik in ans
- Ons het almal ons nederlae. Dinge wat nie uitwerk nie
- Moeilike en onbegaanbare plekke. Soms is die klippe glad en glibberig onder jou voete ...

In die lied antwoord sy: "U wys my altyd die weg, U het my met u lig geseën, die lig strooi ek op iedereen!" Die lig van God se teenwoordigheid vir elke onseker tree.

Dit is waarvan Ps 125: 2 praat. Die onheilspellende berge was vol onheil, roofdiere asook rowers (skelms) wat die pelgrims aangeval het op hulle reis. Bykans dieselfde situasie waarin persone wat deesdae alleen in

die berge gaan hardloop hulle ook kan bevind. Dan verklaar die Psalmdigter(125) met groot klaarheid: “Die Here omvou en beskerm jou!”.

Bruce Larson vertel in sy boek *Believe and Belong*

Hy het gewerk in New York en mense gesien wat geworstel het teen die ondeurdringbare bosse en diep klowe van die lewe.

- Baie keer het hy hulle uitgenooi om saam met hom te stap tot by die **RCA-gebou op Fifth Avenue**.
- Voor die ingang van daardie gebou is ’n reusestandbeeld van **Atlas**, ’n perfekgeboude man, wat al sy spiere inspan om die aarde op sy skouers te vas te hou. Atlas, die sterkste man in die wêreld, kan skaars regop staan as gevolg van die swaar las van die wêreld wat op sy skouers rus!
- Dan sê hy het hy vir so iemand gesê: “Nou, dit is een manier hoe jy kan lewe – deur te probeer om die wêreld se las self alleen op jou skouers te dra. Om te vou onder die krisis wat jy in die gesig staar. Maar kom ek gaan wys jou oorkant die pad ’n ander, beter opsie.”

Aan die ander kant van Fifth Avenue is **St. Patrick's Katedraal** en daar agter die **altaar, is ’n beeld van Jesus as ’n agt- of negejarige seun**, wat sonder enige inspanning die wêreld in een hand vashou.

Die gevare is beheerbaar – want God hou jou in sy hand. Hy beskerm jou aan alle kante.

5. DIE LANDSKAP VERANDER – MAAK DUS DIE BESTE GEBRUIK DAARVAN

Ek dink dit is tog iets wat die tyd van inperking vir baie geleer het.

- Onthou om te stop en die landskap te geniet.
- Moenie vergeet om terug te kyk nie. Wat agter jou lê. Wat jy al bereik het. Hoe ver jy al gekom het.
- Staar bietjie stil. Haal diep asem.

Ps 5: 4 praat oor hierdie asem skep. “U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.”

Die meeste van julle ken die aanhaling – dit kan amper ’n cliché word: “It is good to have an end to travel toward, but it is the journey that matters in the end.” Dit is die reis. Kom ons hou op om te jaag om by die eindbestemming te kom. Kom ons druk gereeld die “Pause” knoppie en kyk om ons. Neem waar, waardeer. Die lewe is ’n reis en die antwoord lê nie in die eindbestemming nie, om die piek te bereik nie, maar in die hele KLIM. Hier waar ek en jy NOU in ons lewens is. Nie die vakansie wat kom nie, nie die naweek nie, maar die hier en NOU – VANDAG.

6. RESPEKTEER JOU LIGGAAM

Ek was in my jonger dae ’n halfmarathon- en marathon-hardloper. Ek onthou my eerste wedloop. Al my deurwinterde harldloopmaats het my goeie (en volgens my ongevraagde raad) gegee. Onnodig om te sê dat ek die laaste kwart van die wedloop gestap het.

Pas jouself op. Kom ons kyk mooi na ons liggame waarvan 1 Kor 6 so mooi noem dat dit ’n tempel van God is! Moet te vinnig begin nie. Moet dit nie verniel met die “te’s” nie. Te veel oefen, te veel werk, te veel eet, te veel drink ...

Onthou die lewe is nie ’n naelloop en nie, maar ’n wedloop ...

7. RESPEKTEER JOU GEES

Ek het aan die begin verwys na berge wat dun plekke (thin places) is. Plekke waar, kom ons sê, die grens tussen die sekulêre en geestelike dun is, dit naby aan mekaar is. Waar God op ’n besondere manier is. Ek onthou hoe ons altyd op kampe gesê het. Ons sing eers **beestelike liedere** en dan **geestelike liedere**. ’n Mens wil amper sê: Soms is jy geestelik en ander kere beestelik ... deur die week op een manier en Sondag trek ek my geloofsklere aan. Dan maak ons ’n onderskeiding, slim mense praat van ’n dualisme, ’n verdeling. Ons is heel mense, liggaam, siel en gees.

Dorothy Bass is iemand wat skryf oor hierdie “dun plekke” (thin places). Sy sê onder meer dat ons graag vir mekaar vra: “Hoe was jou dag?” Soms luister ons nie eers ordentlik na mekaar se antwoorde nie. Sy vertel dan dat haar ma van ’n ander hoek die vraag gevra het. Voor hulle as kinders in die aand gaan slaap het, het sy baie keer gevra: “Waar het jy vandag vir God ontmoet?”

En die kinders het dan een vir een geleentheid om te vertel:

- ’n onderwyser het my gehelp,

- Daardie kind het my gehelp om my boek te soek toe dit weg geraak het
- daar was 'n hawelose in die parkie,
- ek het 'n boom gesien wat oortrek was met bloeisels.

Dan vertel sy hulle waar sy God ontmoet het. Die “thin places” van die dag. So deel hulle dan waar hulle die Here beleef of raakgesien het. Die alledaagse. Die gewone, “dun plekke”, “thin places”.

- Probeer dit gerus en sien hoe jy ook sulke dun plekke ontdek waar God en jy naby aan mekaar is!
- Bid daaglik: Here, ek weet die aarde is vol van hierdie dun plekke, maak my sensitief om u teenwoordigheid hier raak te sien!

8. WEES DANKBAAR

Wees dankbaar as jy die piek bereik. Of sommer soos jy langs die pad vorder. Die Bybel is vol van 'n houding wat van 'n dankbare gees getuig. 1 Tes 5:18: “Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

Ek lees nou die dag in 'n skryfsel van **Nataniël**:

“Kry elke dag iets om voor dankie te sê! Al is dit die gang wat jou yskas toe vat. Of jou nek, sodat jou kop nie op jou bors hang nie. En, as jy dan wraggies niks het om voor dankie te sê nie, koop vir jou 'n hond en doop hom ‘Dankie’, sodat jy 'n paar keer per dag Dankie kan sê!”

9. VERTEL JOU STORIE

Kom ons vertel ons gewone stories. Van ons berge. Kom ons luister na mekaar se stories. Die berge (bergie) wat jy uitgeklim of besig is om te klim. Kom ons deel in ons stories die dun plekke met mekaar. Dan kry Hand 1:8 'n nuwe betekenis “... en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en tot in die uithoeke van die hele wêreld.”

Eenvoudige verhale van misterie, verwondering, ondersteuning, asemrowende tonele, enkels wat geswick word, strome waardeur geloop word, eenvoudige blomme en voëls wat langs die pad gesien is, sonsondergange, noem maar op ... Hierdie verhale lê in ons huise, skole, kerke, fietroyoetes, skoolwerk, baba oppas, strate, aandetes, die sleurgang van die gewone lewe, dun plekke ...

Want die Here is daar, nie net om die berge van Jerusalem nie, maar Hy omvou vir my en jou met die teenwoordigheid van sy Heilige Gees elke tree van die reis.

Gebedstyd

Dink na oor die “dun plekke” in jou lewe die afgelope week. Dank die Here dat jy Sy teenwoordigheid kan raaksien en beleef.